# Die teenspoedige bruidegom: Mechiel Andries van der Walt se 'huwelik onder groot besware' (1867)

J. Celestine Pretorius
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Posbus 3300, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

**The ill-fated wedding of Mechiel Andries van der Walt (1867).** In Mechiel Andries Van der Walt's memoir, recorded in 1918, he relates the difficulties he and his bride experienced when they wished to get married at Burgersdorp in 1867. The events took place in the founding years of the Reformed Church of South Africa and are elucidated against that background. When the parson refused to accept the 'konsent' i.e. his parents' written approval of the marriage, Andries Van der Walt had to travel more than 800 kilometres on horseback through the sparsely populated interior of the Orange Free State to obtain his father's signature. On the wedding day further problems cropped up when the parson would not accept the bridegroom's Free State paper money in payment of the wedding fee, as those notes were worth less than the one pound coins of the Cape Colony. The wedding ceremony ultimately took place in the Reformed Church at Burgersdorp on 17 February 1867.

In Mechiel Andries van der Walt se herinneringskrif wat in 1918 opgeteken is, vertel hy van die teenspoed wat hy en sy bruid ondervind het toe hulle in 1867 op Burgersdorp in die huwelik wou tree. Die verhaal speel af in die stigtingsjare van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Toe die predikant nie die 'konsent' of skriftelike toestemming tot Andries van der Walt se huwelik wou aanvaar nie, was die bruidegom verplig om meer as 800 kilometer deur die ylbewoonde vlaktes van die Oranje Vrystaat te perd af te lê om sy vader se handtekening te gaan haal. Op die huweliksdag het verdere probleme opgeduik toe die predikant nie die bruidegom se Vrystaatse papiergeld as betaling vir die huweliksbevestiging wou aanvaar nie, omdat dié geld heelwat minder werd was as die eenpondmunte van die Kaapkolonie. Die huwelik is uiteindelik op 17 Februarie 1867 in die Burgersdorpse Gereformeerde Kerk voltrek.

## Inleiding

Herinneringskrifte is van die boeiendste leesstof wat daar bestaan. Dit bly 'n feit dat enige lektuur waarin die mens sentraal staan, onmiddellik tot die leser spreek. 'n Kort herinneringskriffie van Mechiel Andries van der Walt, met die titel ''n Outydse huwelik onder groot besware',[1] is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hierdie geskriffie is 'n seldsame kultuurhistoriese juweeltjie, want dit weerspieël die invloed van geskiedkundige gebeurtenisse en heersende opvattings op die daaglikse lief en leed van die gewone man. Die groot kultuurhistorikus, Johan Huizinga, het daarop gewys dat die bestudering van hierdie sogenaamde 'klein verlede' vir die kultuurhistorikus van essensiële belang is.[2] Per slot van rekening vorm dit die boustene vir die rekonstruksie van die 'groot verlede.' Hierdie 'klein geskiedenis' kry egter eers betekenis wanneer dit teen die agtergrond van die tyd, tydgees en heersende lewensomstandighede bestudeer en verklaar word.


Die herinneringskrif van Andries van der Walt is in 1918 opgeteken, toe hy 70 jaar oud was.[3] Hy vertel hierin van die teenspoed wat hy ondervind het toe hy en sy bruid in 1867 in die huwelik wou tree. Die verhaal speel af in die eerste dekade na die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en teen die agtergrond van die pioniersjare in die binneland, voor diamante en goud ontdek is en voor die stoomtrein sy verskyning gemaak het. Die hoofkarakters van die verhaal was almal lidmate van die Gereformeerde Kerk.

## Kerklike agtergrond

Teen die helfte van die negentiende eeu het daar in Noordoos-Kaapland — veral die huidige distrikte Colesberg, Middelburg, Steynsburg, Venterstad en Burgersdorp — 'n groep konserwatiewe lidmate van die Kaapse Kerk, ook bekend as die 'Doppers', gewoon. Hulle was teen die toenemende evangeliese invloede in die Kaapse Kerk gekant, veral ten opsigte van die sing van evangeliese gesange, die hou van bidure en die evangeliese prediking van die Skotse predikante wat deur die Kaapse Kerk ingevoer is. As fundamentaliste wou hulle die Calvinistiese beginsels wat in 1618/19 op die Sinode van Dordrecht aanvaar is, streng handhaaf. Hierdie konserwatiewe lewensuitkyk het ook in hulle kleredrag en afkeer van enige vorm van weelde tot uiting gekom.[4]

'n Aantal van hierdie konserwatiewe lidmate het hulle mettertyd in Transvaal en in die Oranje-Vrystaat gevestig. In Transvaal het hulle met ds. Dirk van der Hoff van die Nederduitsch Hervormde Kerk in botsing gekom, veral oor die sing van evangeliese gesange. In 1857 is ds. Dirk Postma deur die sinode van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland na Transvaal gestuur weens die dringende behoefte aan predikante wat daar geheers het. Op 'n kerkvergadering wat op 11 Februarie 1859 op Rustenburg plaasgevind het, het die Gereformeerde Kerk onder leiding van ds. Postma tot stand gekom, nadat pogings tot versoening tussen die verskillende kerklike groepe misluk het.[5]


Verskeie ander gemeentes is in die loop van dieselfde jaar in Transvaal gestig, naamlik op Lydenburg en Potchefstroom en in Pretoria en Waterberg. In die Oranje-Vrystaat het 'n gemeente op Reddersburg ontstaan.[6] Hierdie gemeente is in Mei 1859 op die plaas Vlakfontein, wat aan Michael van der Walt behoort het, gestig en het tot die ontstaan van die dorpie Reddersburg gelei. In 1861 is daar met die bou van 'n kerk begin[7] (Figuur 1). 'n Nederlandse predikant, ds. Johannes Beijer, is deur die gemeente beroep en hy het hom in Reddersburg gevestig.[8] Vermoedelik is die plaas 'Bijersberg', waar Andries van der Walt, die held van hierdie



**Figuur 1** Die ou Gereformeerde Kerk in Reddersburg in die vroeë twintigste eeu. Die bouwerk aan die kerk — tans die Postmasaal — het in 1861 begin en die hoeksteen is op 2 Januarie 1863 deur ds. D. Postma gelê. Die gebou is tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.
Uit : Jan Lion-Cachet, *De geschiedenis der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (Potchefstroom, 1909), p. 71.

verhaal as jong man gewoon het, na hom vernoem.

In die loop van 1860 is ook in die Kaapkolonie gemeentes in Burgersdorp, Middelburg en Colesberg gestig. Die stigting van die gemeente Burgersdorp het op 21/22 Januarie 1860 op die plaas Roosterhoek plaasgevind[9] (Figuur 2). Hierdie plaas het aan die familie



**Figuur 2** Foto uit die jaar 1910, van die plaas Roosterhoek, distrik Burgersdorp, waar die eerste gemeente van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie op 21 Januarie 1860 gestig is. Die bouvalle regs op die foto is die oorblyfsels van die woonhuis en die groot waenhuis waarin die kerkdienste gehou is.
Uit : *Gouden Jubileum van het Vyftig-Jarig bestaan van de Geref. Kerk Burgersdorp* (Burgersdorp, 1910), teenoor p. 16.


Coetzee behoort en was waarskynlik die plaas waar Douwlina van der Walt, Andries se verloofde, as weeskind by stiefouers grootgeword het.[10] Uit die name wat in die herinneringskrif van Andries van der Walt en in gedenkskrifte uit daardie jare voorkom, blyk dit dat sekere families sterk ondersteuners van die Gereformeerde Kerk was, soos die families Van der Walt, Venter, Kruger en Coetzee.[11] Jongmense uit hierdie families het hulle huweliksmaats by voorkeur uit die geledere van lidmate van die Gereformeerde Kerk gekies.

Die gemeente Burgersdorp het met verloop van tyd 'n leidende aandeel in die groei van die pasgestigte kerk gehad, veral nadat ds. Postma 'n beroep na die gemeente aanvaar het en op 5 Augustus 1866 aldaar deur ds. Beijer as leraar bevestig is.[12] 'n Kerkgebou, wat met groot ywer en geesdrif eiehandig deur die lidmate opgerig is, is reeds op 4 Mei 1861 in gebruik geneem [13] (Figuur 3). Hoewel die kerk in 1913 gesloop is om plek te maak vir 'n nuwe kerkgebou, weet ons, danksy 'n ou gedenkskrif, hoe hierdie eerste kerkie van binne gelyk het.[14] Blykbaar was die ruimte baie beperk vir die bykans 800 lidmate. Die mure was so laag dat dit in die somer 'schrikkelik benauwd' geword het en die banke so na aan mekaar, dat dit uiters moeilik was om uit 'n sitplek te kom as 'n mens eers eenmaal daarin was. Net die voorste ry lidmate op die galery kon die predikant sien en dit was so donker in die kerk, dat die predikant in bewolkte weer om 'n kers moes vra. Dit was in hierdie eerste ou kerkie dat Andries van der Walt en sy bruid, Douwlina, na baie teenspoed, op 17 Februarie 1867 deur ds. Postma in die huwelik bevestig is.

### Familiegeskiedenis

Mechiel Andries van der Walt was die seun van Tjaart Andries van der Walt (gebore 1806) en sy vrou Maria Elizabeth Pretorius.[15] Tjaart van der Walt was 'n agterkleinseun van die stamvader, Geele Andries van der Walt, wat in 1727 uit Friesland na die Kaap gekom het.[16] Toe Mechiel Andries op 26 Maart 1848 gebore is, het sy ouers in die distrik Burgersdorp gewoon, waar hy op 17 Julie 1848 gedoop is.[17]

Dit blyk uit die herinneringskrif dat Mechiel Andries (wat blykbaar op sy tweede naam, Andries, genoem is) se vader, Tjaart van der Walt, beplan het om na Transvaal te verhuis. Volgens die geslagsregister is sy vrou, Maria, op 15 Oktober 1860 in die distrik Rustenburg oorlede.[18] Tjaart het hom dan ook in 1863 op die



**Figuur 3** Die eerste Gereformeerde kerk te Burgersdorp wat op 4 Mei 1861 in gebruik geneem en in 1913 gesloop is. Die huwelik van Andries en Douwlina van der Walt het op 17 Februarie 1867 hier plaasgevind.
Uit : Jan Lion-Cachet, *De geschiedenis der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (Potchefstroom, 1909), p. 59.


plaas Rooipoort, 15 kilometer oos van Potchefstroom, gevestig.[19] Volgens die lidmaatregister van die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom, het hy en twee van sy dogters met attestate uit die Vrystaat gekom.[20] Hy het 'n bekende figuur in die Potchefstroomse gemeente van die Gereformeerde Kerk geword, want hy is as ouderling verkies en het in 'n kommissie gedien wat met die landdros moes onderhandel oor grond vir die bou van 'n kerk.[21] Hy is op 7 Februarie 1877 op Rooipoort oorlede.[22]

Andries het nie saamgetrek Transvaal toe nie, maar by sy oudste suster, Martha en haar man op die plaas Bijersberg in die distrik Reddersburg agtergebly, om met die veeboerdery te help.[23] In 1867, toe hy twintig jaar oud was, het hy by die agtienjarige Douwlina van der Walt gekuier. Sy het op die plaas Roosterhoek, waar die eerste Gereformeerde gemeente in die Kaapkolonie gestig is, gewoon. Volgens die herinneringskrif was sy 'n 'dubbele weeskind' wat by stiefouers grootgeword het.[24] Andries vertel in die geskrif dat hulle mettertyd besluit het om 'bekend te maak', dit wil sê verloof te raak. Dit was hier waar die probleme begin het.

**Probleme met 'konsente'**

Dit was 'n ou gevestigde gewoonte dat 'n huwelikspaartjie skriftelike toestemming van hulle ouers aan die predikant moes voorlê voor hulle in die huwelik bevestig kon word. Hierdie 'konsent' was 'n dokument waaraan sowel die kerk as die ouers groot waarde geheg het (Figuur 4). Andries van der Walt vertel dan ook dat sy vader by sy vertrek na Transvaal gesê het: 'As Andries miskien wil gaan trou, dan moet julle in my naam maar konsente gee, as daar niks op die meisie te sê val nie.'[25] Toe Andries en Douwlina bekend maak dat hulle wou trou, het sy swaer namens Andries se vader die nodige 'konsentpapiere' aan hom verskaf. Die konsent van sy bruid het hy reeds in sy sak gehad na hy dit op Roosterhoek gaan haal het — 'n afstand van 16 uur te perd. Hy moes toe 'n verdere drie-en-'n-halwe uur te perd aflê om die konsente by ds. Beijer op Reddersburg te besorg (Figuur 5). Omdat die dominee Andries as lidmaat aangeneem en hom goed geken het, het hy die 'konsentpapiere' aanvaar, wat beteken het dat die paartjie se gebooie vir drie agtereenvolgende Sondae sou 'gaan', dit wil sê in die kerk afgekondig sou word. Hierna moes die bruidegom weer in die pad val na Burgersdorp, om ook daar gebooie 'op te gee', sodat die gebooie gelyktydig in beide gemeentes afgekondig kon word.

Toe Andries by ds. Postma (Figuur 6) op Burgersdorp aankom om die gebooie op te gee, wou die dominee weet of die handtekening op Andries se konsent die van sy vader was. Andries het sonder om te verduidelik bevestigend geantwoord, maar dit het die predikant nie tevrede gestel nie. 'Dit is nie ou broeder Tjaart van der Walt se handtekening nie, want ek ken sy handskrif te goed: hy was jarelank my diaken'.[26] Buitendien was ds. Postma aangetroude familie van Tjaart van der Walt. Sy vierde vrou, met wie hy in 1859 getroud is, Susanna Lasea Kruger, was 'n dogter van S. Kruger, wat 'n leidende aandeel in die gesangestryd in Colesberg en


Het is met Consent van ons beyde ondergeteek[illegible] dat onze Zoon Gerhardus Marthinus Maritz Zich in den Houwelijke Staat vereenigd met de Jonge Dochter Angenitha Maria Olivier
Graaffreynet den 21 April 1820
S. Maritz
Maria E. Oosthuizen

Het is met toestemmen van ons beyde ondergetekende dat onse dogter Angenitha Maria Olivier haar in den huwelijksstaat begeeft met de Jonkman gerret [illegible] maritz
Graaffreynet den 21 April 1820
G.J. Olivier
Debora A Naudé

**Figuur 4** 'n Voorbeeld van konsentbriefies, naamlik dié van die ouers van die Trekkerleier Gerrit Maritz en van sy bruid, Angenitha Olivier, uit die jaar 1820.
*Foto : Kaapse Argiefbewaarplek, VD 573*



**Figuur 5** Ds. Johannes Beijer, van 1862 tot 1869 predikant van die Gereformeerde gemeente op Reddersburg.
*Foto : Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom*



**Figuur 6** Ds. (later professor) Dirk Postma, predikant van die Gereformeerde gemeente in Burgersdorp (1866–1879).
*Foto : Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom*


later in Transvaal gehad het.[27] Volgens die herinneringskrif het dit beteken dat ds. Postma vir Andries se vader 'oom' moes sê. Andries het probeer mooipraat, maar die dominee wou sy konsent nie aanvaar nie. Uiteindelik was daar net een genade: hy sou sy konsent by sy vader op sy plaas naby Potchefstroom moes gaan haal!

## Te perd na Potchefstroom en terug

Andries het maar alte goed geweet wat vir hom voorgelê het. Hy het die afstand na Potchefstroom al vantevore saam met sy vader afgelê — 'n reis van 12 dae met wa en osse. Vir die haastige bruidegom was so 'n lang reis heeltemal onaanvaarbaar en hy het besluit om die afstand van naasteby 400 kilometer te perd aan te pak (Figuur 7). Hy is met drie perde van die huis af weg en het ongeveer halfpad een van die perde by 'n oom, Piet Venter, laat agterbly. Hy vertel hoe daar in daardie tyd slegs sewe plase tussen die Modderrivier en Rooipoort, sy vader se plaas naby Potchefstroom was. Van Kroonstad af — 'n klein dorpie wat maar uit sowat 20 huise bestaan het — was daar net een plaas tot aan die Vaalrivier. Andries vertel dat die veld nog gewemel het van wild. 'Die wild het soos skape geloop. Die een trop kom na die ander by my verby. Die hele wêreld was woes en eensaam ... ek was maar altyd net in die eensame onmeetlike vlaktes.'[28] Uit vrees vir roofdiere het hy snags op 'n miershoop onder sy jas gesit en slaap. Een nag het hy nog so gesit en probeer slaap nadat hy sy perd gekniehalter, of soos hy dit genoem 'gespan' het. Hy het net ingesluimer toe hy wakker word omdat daar iets reguit op hom afgestorm het. Die fladderende maanhare van die dier het dit soos 'n leeu laat lyk. Hy kry toe 'n stuk wildebeesmis in die hande, want hy was totaal ongewapen. Toe die dier egter snork, het hy tot sy verligting gewaar dat dit sy eie ryperd was! Die eerste mense wat hy die volgende dag teengekom het, was die Schoemans aan die Vaalrivier waarvandaan dit net 'n paar uur te perd na Rooikraal was.[29]

Sy vader was verheug om hom te sien, maar baie bekommerd dat sy seun so alleen in die veld moes slaap: 'Ek laat jou so nie weer teruggaan nie. Die ongedierte sal jou opvreet met daardie buite-slapery van jou. Dan hou ek liewer jou konsente eers terug en bring jou self met die wa na Reddersburg.'[30] Maar daarvan wou die ongeduldige bruidegom nie hoor nie. Hy moes egter 'n 'dure belofte' aflê om nie weer so alleen in die oop veld te slaap nie.

Met die 'suur bekomde' konsent in sy sak het Andries die terugreis aangepak. By die Sandrivier aangekom, het daar egter nuwe teenspoed op hom gewag. 'n Groot onweer het opgesteek en dit het so hard gereën, dat die




**Figuur 7** Sketskaart van Andries van der Walt se tog te perd na Potchefstroom.
*Kaart : Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria*

Sandrivier 'gebruis het van snelvloeiende waters wat nog gedurig aan die groei was'.[31] Met die voortvarendheid van die jeug, is hy met die perde die water in. Kort voor lank moes hulle met alle mag swem, terwyl die water al sterker geword het — so sterk dat hy uit die saal gespoel is. Gelukkig het hy op die onderste perd se rug te lande gekom, waarvoor hy sy Skepper tot aan die einde van sy lewe gedank het. Met lewensgevaar het hy en die perde toe verder uitgeworstel. 'As ek oor bossiekoppe beskik het, in plaas van goeie eersteklas diere, dan was dit klaarpraat met ons al drie. Bokveld toe was dan seker ons voorland gewees.'[32] Die groot geluk was dat sy konsente, wat in sy reënjas toegedraai was, behoue gebly het. Andries kon die versoeking nie weerstaan om hier skamper by te voeg nie: 'As een van ons hedendaagse sigaretrokende seuns in my plek was, dan sou ek hom tog graag wou sien, as ek maar sy lewe nog kon red ...'[33]

Andries meld dat hy op die 11de dag weer tuis was — voorwaar 'n besondere prestasie om daardie afstand in so 'n kort tyd te perd af te lê. Omdat hulle op die plaas oor genoeg goeie perde beskik het, het hy die volgende dag weer na Burgersdorp vertrek. Hier moes hy uitvind dat ds. Beijer op versoek van ds. Postma vir eers die gebooie gestop het. Toe ds. Postma die konsent van Andries se vader sien, was hy heeltemal tevrede, want hy het die handtekening van Tjaart van der Walt herken. Andries moes toe egter verneem dat die stiefmoeder van die bruid beswaar gemaak het, omdat sy nie behoorlik in die konsent geken is nie. Hierdie probleem is egter ook uit die weg geruim en na weke van rondreis kon die gebooie behoorlik in die kerke van Burgersdorp en Reddersburg afgekondig word en kon die troudatum uiteindelik vasgestel word.

**' 'n Onoorkomelike troewel'**

Die 17de Februarie 1867 het uiteindelik genader en die paartjie het vir die huweliksbevestiging op Burgersdorp aangekom. Toe die bruidegom egter die dominee opsoek om reëlings vir die huwelik te tref en die trougeld te betaal, was daar amper weer 'n 'onoorkomelike troewel'!

Dit was in daardie dae die gewoonte dat predikante 'n vasgestelde bedrag vir elke huweliksbevestiging wat hulle waargeneem het ontvang het — in hierdie geval twee pond.[34] Die dominee wou egter nie Andries se Vrystaatse papiergeld aanvaar nie. Om sy optrede te begryp, is dit nodig om te verduidelik dat die Vrystaatse Republiek in 1865, om sy finansiële verpligtings te kon nakom, 30 000 pond in eenpondnote uitgegee het. Vanweë die blou papier waarop hierdie note gedruk is, het hulle as 'Blue Backs' bekend gestaan.[35] Na die Basoetoe-oorlog in 1866, het die Vrystaatse owerheid nog meer van hierdie note uitgegee (Figuur 8).

Die 'Blue Backs' was in Natal en in die Kaapkolonie baie ongewild, omdat hulle waarde wisselvallig was en gemiddeld slegs vyftien in plaas van twintig sjielings per pondnoot bedra het. Handelaars in die Kaapkolonie was hoegenaamd nie geneë om die 'Blue Backs' as betaalmiddel te aanvaar nie, wat gevolglik die Vrystaat van harde kontant gedreineer het.[36] Andries van der Walt het tevergeefs by al die winkels op Burgersdorp probeer om sy 'Blue Backs' te wissel, want hy het net een pond 'harde geld' gehad. Hy was dus verplig om die



**Figuur 8** 'n Eenpondnoot van die Oranje-Vrystaat uit die jaar 1868. Een van hierdie 'Blue Backs' is deur Andries van der Walt as betaling vir sy huweliksbevestiging aangebied. *Foto : Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria*

predikant 'n 'Blue Back' as betáling aan te bied, maar die leraar was nie bereid om die noot te aanvaar nie. Dat die predikant nie die papiergeld wou aanvaar nie, kan 'n mens begryp, want 'n pond was in daardie dae heelwat werd. Dat dit vir die bruidegom die laaste strooitjie was en hy sy humeur totaal verloor het, kan 'n mens ook begryp. 'As u nie my papiergeld wil aanneem nie, dan word ek verplig om my vrou te gaan "vat" sonder eers in die kerk te trou ...!' het hy die dominee toegevoeg. Hy het ds. Postma verwyt dat hy waarlik al genoeg gesukkel gehad het om getroud te kom. Toevallig was een van die ouderlinge van die gemeente, 'n sekere Venter, teenwoordig. Die verhaal van Andries se teenspoed met die konsente was teen hierdie tyd al bekend, sodat die ouderling hom oor die bruidegom ontferm het. Hy het sy beursie uitgehaal, 'n pond in 'harde geld' geneem en aan Andries gegee met die woorde: 'Dê neef, vat die pond. As jy eendag jou "Blue Backs" gewissel het, betaal my dan terug'.[37] 'n Barmhartige Samaritaan inderdaad — daardie ouderling Venter!

Met hierdie laaste struikelblok uit die weg geruim, kon die paartjie uiteindelik, sonder verdere teenspoed, op 17 Februarie 1867 in die Burgersdorpse kerk in die eg verbind word.

## Slot

'n Mens hoop dat Andries en Douwlina na hierdie teenspoedige begin 'n gelukkige en voorspoedige lewe saam gehad het. Volgens die Van der Walt-geslagsregister is hulle twee oudste kinders, Tjaart Andries en Hendrik Johannes Douw, in 1868 en 1869 in die Kaapkolonie gebore waar die egpaar aanvanklik gewoon het.

Blykbaar het hulle in die sewentigerjare na Transvaal verhuis, want volgens die 'Lidmatenboek' van die Gereformeerde Gemeente Mooirivier is hulle op 6 April 1878 as lidmate van daardie gemeente aanvaar.[38] Dit kom voor asof hulle onmiddellik hierna na die distrik Rustenburg vertrek het, want op 14 April 1878 is hulle as lidmate van die Gereformeerde Gemeente Rustenburg ingeskryf en in Julie van dieselfde jaar is hulle dogter Maria Elizabeth, daar gebore.[39] Altesaam vyf kinders — vier dogters en nog 'n seun, Michiel Andries — is in die distrik Rustenburg gebore. Verskeie van die kinders is as lidmate van daardie gemeente aangeneem.[40]

Andries van der Walt het waarskynlik in 1896 na Pretoria verhuis, want sy naam verskyn in die lidmateboek van die Gereformeerde Gemeente Pretoria onder die datum 10 Oktober 1896.[41] Daar word geen melding van sy vrou gemaak nie, sodat aanvaar kan word dat sy waarskynlik tussen 1890, toe die jongste dogter gebore is, en 1896 oorlede is. Andries van der Walt se sterfkennis kon egter nie opgespoor word nie. Sy herinneringe aan die veelbewoë dae voor sy huwelik is waarskynlik dus in Pretoria deur Gustav Preller opgeteken. Dat sy wedervaringe voor sy troudag 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak het, blyk uit die feit dat hy op 70-jarige leeftyd — 51 jaar na sy huwelik — die besonderhede nog haarfyn kon onthou. Dit was inderdaad 'n huwelik 'onder groot besware'!


## Summary

A short memoir by Mechiel Andries Van der Walt entitled ' 'n Outydse huwelik onder groot besware' ('An old-time wedding plagued by problems') is elucidated. The incidents in question took place in 1867, the founding years of the Reformed Church of South Africa, i.e. at a time when pioneering conditions still prevailed in the interior of the country.

The founding of the Church in 1859 led to the establishment of several congregations in the Transvaal, the Orange Free State and the Cape Colony. The event in question pertains to a Van der Walt family from the conservative community of Reformed members.

According to the memoir, Andries Van der Walt was living on the farm Bijersberg, district Reddersburg, in 1867. The town had been established in 1861 after the founding of a Reformed congregation in that area. The adversity experienced by Andries and his bride, Douwlina, when the couple wished to get married, should be seen against the ecclesiastical background of the period.

The Rev. Dirk Postma under whose guidance the Reformed Church of South Africa had been founded at Rustenburg was at the time of the events recorded in the memoir the incumbent of the Reformed congregation of Burgersdorp. He refused to accept Andries' 'konsent' (the parents' written approval of the marriage) because the signature of Andries' father, Tjaart Van der Walt, who was a friend of the minister's, did not appear on the document. This meant that Andries had to travel on horseback to where his father was farming in the Potchefstroom district in order to obtain the required signature. In the memoir the sparsely populated prairies of the Free State are described as teeming with game. On the journey Andries barely escaped death when he nearly drowned in the flooded Sand River.

When the couple's banns had at last been read and the wedding date set, their misfortunes were not over. The parson was not prepared to accept Andries' paper money in settlement of the wedding fee. Free State paper money, the so-called 'Blue Backs', were worth considerably less than the one pound coins of the Cape Colony, with the result that Andries could not exchange his paper money for hard cash. Fortunately one of the elders could lend the bridegroom one pound in 'hard money' so that the wedding ceremony at last took place.

Andries and Douwlina Van der Walt started married life in the Burgersdorp district where their first two children were born, but subsequently they moved to the vicinity of Rustenburg. His recollections of the difficulties attendant upon the marriage ceremony were set down in 1918 when he was 70 years old.


## Verwysings

1. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, A787: Preller-versameling nr. 133. Hierna *Herinneringskrif* genoem.
2. J. HUIZINGA, *De Wetenschap der Geschiedenis* (Haarlem, 1937), p. 78.
3. *Herinneringskrif*, p. 8.

4. J.P. JOOSTE, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959* (Potchefstroom, 1958), pp. 28–33.
5. G.C.P. VAN DER VYWER, *Professor Dirk Postma 1818–1890* (Potchefstroom, 1958), pp. 244–250.
6. J.P. JOOSTE, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959* (Potchefstroom, 1958), p. 74.
7. J.P. JOOSTE, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959* (Potchefstroom, 1958), p. 77; P.J. NIENABER, J.D. SMIT, S.M. BOTES, *Vrystaatse argitektuur* (Bloemfontein, 1987), p. 27.
8. J.P. JOOSTE, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959* (Potchefstroom, 1958), p. 108; kyk ook J. BEIJER, *Journaal gehouden van Port Elisabeth naar Reddersburg (OVS) in het jaar 1861* (Kaapstad, 1861).
9. Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom: Memoriaal van D. Postma V.D.M. 1860–1890, Januarie 1860; J.P. JOOSTE, *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859–1959* (Potchefstroom, 1958), p. 78.
10. *Herinneringskrif*, p. 1.
11. GOUDEN JUBILEUM VAN HET VYFTIG-JARIGE BESTAAN VAN DE GEREF. GEM. BURGERSDORP 1860–1910 (Burgersdorp, 1910), p. 20.
12. Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom: Memoriaal van D. Postma 1869–1890, 1866; G.C.P. VAN DER VYWER, *Professor Dirk Postma 1818–1890* (Potchefstroom, 1958), p. 351.
13. G.C.P. VAN DER VYWER, *Professor Dirk Postma 1818–1890* (Potchefstroom, 1958), p. 352.
14. D. POSTMA (MZN), *Gedenkstukken i.v.m. de nieuwe Gereformeerde Kerk Burgersdorp* (Potchefstroom, 1913), p. 8.
15. E.P. JOOSTE (red.), *Die familie Van der Walt in Suid-Afrika*. (Ongepubliseerde manuskrip R.G.N., 1986), p. 91.
16. C.C. DE VILLIERS & PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981), p. 1098.
17. E.P. JOOSTE, *Die familie Van der Walt in Suid-Afrika* p. 109.
18. E.P. JOOSTE, *Die familie Van der Walt in Suid-Afrika*, p. 91.
19. E.P. JOOSTE, *Die familie Van der Walt in Suid-Afrika*, p. 91.
20. Argief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom: Notule van Kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom, 17 Oktober 1863.
21. Argief van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom: Notules van Kerkraadsvergaderings van die Gereformeerde Gemeente, Potchefstroom, 17 Oktober 1863 en 18 November 1863.
22. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, Boedel 0/721: sterfkennis.
23. *Herinneringskrif*, p. 1.
24. *Herinneringskrif*, p. 1
25. *Herinneringskrif*, p. 1.
26. *Herinneringskrif*, p. 2
27. G.C.P. VAN DER VYWER, *Professor Dirk Postma* (Potchefstroom, 1958), p. 453.
28. *Herinneringskrif*, p. 3.
29. *Herinneringskrif*, pp. 3–4.
30. *Herinneringskrif*, p. 4.
31. *Herinneringskrif*, pp. 4–5.
32. *Herinneringskrif*, p. 5.
33. *Herinneringskrif*, p. 5.
34. G.C.P. VAN DER VYWER, *Professor Dirk Postma* (Potchefstroom, 1958), p. 347.
35. C.L. ENGELBRECHT, *Geld in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1987), pp. 56–57.
36. C.L. ENGELBRECHT, *Geld in Suid-Afrika* (Kaapstad, 1987), p. 58.
37. *Herinneringskrif*, pp. 7–8.
38. Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom: Lidmatenboek der Gereformeerde Gemeente van het district Mooirivier 1863–1912.
39. Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom: Lidmatenboek no 4, Gereformeerde Gemeente Rustenburg; E.P. JOOSTE, *Die familie Van der Walt in Suid-Afrika*, p. 111.
40. Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom: Lidmatenboek no 4, Gereformeerde Gemeente Rustenburg; E.P. JOOSTE, *Die familie Van der Walt in Suid-Afrika*, p. 111.
41. Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom: Lidmatenboek der Gereformeerde Gemeente in het district Pretoria 1863–1897.

Sandrivier 'gebruis het van snelvloeiende waters wat nog gedurig aan die groei was'.[31] Met die voortvarendheid van die jeug, is hy met die perde die water in. Kort voor lank moes hulle met alle mag swem, terwyl die water al sterker geword het — so sterk dat hy uit die saal gespoel is. Gelukkig het hy op die onderste perd se rug te lande gekom, waarvoor hy sy Skepper tot aan die einde van sy lewe gedank het. Met lewensgevaar het hy en die perde toe verder uitgeworstel. 'As ek oor bossiekoppe beskik het, in plaas van goeie eersteklas diere, dan was dit klaarpraat met ons al drie. Bokveld toe was dan seker ons voorland gewees.'[32] Die groot geluk was dat sy konsente, wat in sy reënjas toegedraai was, behoue gebly het. Andries kon die versoeking nie weerstaan om hier skamper by te voeg nie: 'As een van ons hedendaagse sigaretrokende seuns in my plek was, dan sou ek hom tog graag wou sien, as ek maar sy lewe nog kon red ...'[33]

Andries meld dat hy op die 11de dag weer tuis was — voorwaar 'n besondere prestasie om daardie afstand in so 'n kort tyd te perd af te lê. Omdat hulle op die plaas oor genoeg goeie perde beskik het, het hy die volgende dag weer na Burgersdorp vertrek. Hier moes hy uitvind dat ds. Beijer op versoek van ds. Postma vir eers die gebooie gestop het. Toe ds. Postma die konsent van Andries se vader sien, was hy heeltemal tevrede, want hy het die handtekening van Tjaart van der Walt herken. Andries moes toe egter verneem dat die stiefmoeder van die bruid beswaar gemaak het, omdat sy nie behoorlik in die konsent geken is nie. Hierdie probleem is egter ook uit die weg geruim en na weke van rondreis kon die gebooie behoorlik in die kerke van Burgersdorp en Reddersburg afgekondig word en kon die troudatum uiteindelik vasgestel word.

### ''n Onoorkomelike troewel'


Die 17de Februarie 1867 het uiteindelik genader en die paartjie het vir die huweliksbevestiging op Burgersdorp aangekom. Toe die bruidegom egter die dominee opsoek om reëlings vir die huwelik te tref en die trougeld te betaal, was daar amper weer 'n 'onoorkomelike troewel'!

Dit was in daardie dae die gewoonte dat predikante 'n vasgestelde bedrag vir elke huweliksbevestiging wat hulle waargeneem het ontvang het — in hierdie geval twee pond.[34] Die dominee wou egter nie Andries se Vrystaatse papiergeld aanvaar nie. Om sy optrede te begryp, is dit nodig om te verduidelik dat die Vrystaatse Republiek in 1865, om sy finansiële verpligtings te kon nakom, 30 000 pond in eenpondnote uitgegee het. Vanweë die blou papier waarop hierdie note gedruk is, het hulle as 'Blue Backs' bekend gestaan.[35] Na die Basoetoe-oorlog in 1866, het die Vrystaatse owerheid nog meer van hierdie note uitgegee (Figuur 8).

Die 'Blue Backs' was in Natal en in die Kaapkolonie baie ongewild, omdat hulle waarde wisselvallig was en gemiddeld slegs vyftien in plaas van twintig sjielings per pondnoot bedra het. Handelaars in die Kaapkolonie was hoegenaamd nie geneë om die 'Blue Backs' as betaalmiddel te aanvaar nie, wat gevolglik die Vrystaat van harde kontant gedreineer het.[36] Andries van der Walt het tevergeefs by al die winkels op Burgersdorp probeer om sy 'Blue Backs' te wissel, want hy het net een pond 'harde geld' gehad. Hy was dus verplig om die




**Figuur 8** 'n Eenpondnoot van die Oranje-Vrystaat uit die jaar 1868. Een van hierdie 'Blue Backs' is deur Andries van der Walt as betaling vir sy huweliksbevestiging aangebied. *Foto : Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria*



**Figuur 6** Ds. (later professor) Dirk Postma, predikant van die Gereformeerde gemeente in Burgersdorp (1866–1879).
*Foto : Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom*


later in Transvaal gehad het.[27] Volgens die herinneringskrif het dit beteken dat ds. Postma vir Andries se vader 'oom' moes sê. Andries het probeer mooipraat, maar die dominee wou sy konsent nie aanvaar nie. Uiteindelik was daar net een genade: hy sou sy konsent by sy vader op sy plaas naby Potchefstroom moes gaan haal!

## Te perd na Potchefstroom en terug

Andries het maar alte goed geweet wat vir hom voorgelê het. Hy het die afstand na Potchefstroom al vantevore saam met sy vader afgelê — 'n reis van 12 dae met wa en osse. Vir die haastige bruidegom was so 'n lang reis heeltemal onaanvaarbaar en hy het besluit om die afstand van naasteby 400 kilometer te perd aan te pak (Figuur 7). Hy is met drie perde van die huis af weg en het ongeveer halfpad een van die perde by 'n oom, Piet Venter, laat agterbly. Hy vertel hoe daar in daardie tyd slegs sewe plase tussen die Modderrivier en Rooipoort, sy vader se plaas naby Potchefstroom was. Van Kroonstad af — 'n klein dorpie wat maar uit sowat 20 huise bestaan het — was daar net een plaas tot aan die Vaalrivier. Andries vertel dat die veld nog gewemel het van wild. 'Die wild het soos skape geloop. Die een trop kom na die ander by my verby. Die hele wêreld was woes en eensaam ... ek was maar altyd net in die eensame onmeetlike vlaktes.'[28] Uit vrees vir roofdiere het hy snags op 'n miershoop onder sy jas gesit en slaap. Een nag het hy nog so gesit en probeer slaap nadat hy sy perd gekniehalter, of soos hy dit genoem 'gespan' het. Hy het net ingesluimer toe hy wakker word omdat daar iets reguit op hom afgestorm het. Die fladderende maanhare van die dier het dit soos 'n leeu laat lyk. Hy kry toe 'n stuk wildebeesmis in die hande, want hy was totaal ongewapen. Toe die dier egter snork, het hy tot sy verligting gewaar dat dit sy eie ryperd was! Die eerste mense wat hy die volgende dag teengekom het, was die Schoemans aan die Vaalrivier waarvandaan dit net 'n paar uur te perd na Rooikraal was.[29]

Sy vader was verheug om hom te sien, maar baie bekommerd dat sy seun so alleen in die veld moes slaap: 'Ek laat jou so nie weer teruggaan nie. Die ongedierte sal jou opvreet met daardie buite-slapery van jou. Dan hou ek liewer jou konsente eers terug en bring jou self met die wa na Reddersburg.'[30] Maar daarvan wou die ongeduldige bruidegom nie hoor nie. Hy moes egter 'n 'dure belofte' aflê om nie weer so alleen in die oop veld te slaap nie.

Met die 'suur bekomde' konsent in sy sak het Andries die terugreis aangepak. By die Sandrivier aangekom, het daar egter nuwe teenspoed op hom gewag. 'n Groot onweer het opgesteek en dit het so hard gereën, dat die




**Figuur 7** Sketskaart van Andries van der Walt se tog te perd na Potchefstroom.
*Kaart : Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria*


plaas Rooipoort, 15 kilometer oos van Potchefstroom, gevestig.[19] Volgens die lidmaatregister van die Gereformeerde Gemeente Potchefstroom, het hy en twee van sy dogters met attestate uit die Vrystaat gekom.[20] Hy het 'n bekende figuur in die Potchefstroomse gemeente van die Gereformeerde Kerk geword, want hy is as ouderling verkies en het in 'n kommissie gedien wat met die landdros moes onderhandel oor grond vir die bou van 'n kerk.[21] Hy is op 7 Februarie 1877 op Rooipoort oorlede.[22]

Andries het nie saamgetrek Transvaal toe nie, maar by sy oudste suster, Martha en haar man op die plaas Bijersberg in die distrik Reddersburg agtergebly, om met die veeboerdery te help.[23] In 1867, toe hy twintig jaar oud was, het hy by die agtienjarige Douwlina van der Walt gekuier. Sy het op die plaas Roosterhoek, waar die eerste Gereformeerde gemeente in die Kaapkolonie gestig is, gewoon. Volgens die herinneringskrif was sy 'n 'dubbele weeskind' wat by stiefouers grootgeword het.[24] Andries vertel in die geskrif dat hulle mettertyd besluit het om 'bekend te maak', dit wil sê verloof te raak. Dit was hier waar die probleme begin het.

### Probleme met 'konsente'

Dit was 'n ou gevestigde gewoonte dat 'n huweliks-paartjie skriftelike toestemming van hulle ouers aan die predikant moes voorlê voor hulle in die huwelik bevestig kon word. Hierdie 'konsent' was 'n dokument waaraan sowel die kerk as die ouers groot waarde geheg het (Figuur 4). Andries van der Walt vertel dan ook dat sy vader by sy vertrek na Transvaal gesê het: 'As Andries miskien wil gaan trou, dan moet julle in my naam maar konsente gee, as daar niks op die meisie te sê val nie.'[25] Toe Andries en Douwlina bekend maak dat hulle wou trou, het sy swaer namens Andries se vader die nodige 'konsentpapiere' aan hom verskaf. Die konsent van sy bruid het hy reeds in sy sak gehad na hy dit op Roosterhoek gaan haal het — 'n afstand van 16 uur te perd. Hy moes toe 'n verdere drie-en-'n-halwe uur te perd aflê om die konsente by ds. Beijer op Reddersburg te besorg (Figuur 5). Omdat die dominee Andries as lidmaat aangeneem en hom goed geken het, het hy die 'konsentpapiere' aanvaar, wat beteken het dat die paartjie se gebooie vir drie agtereenvolgende Sondae sou 'gaan', dit wil sê in die kerk afgekondig sou word. Hierna moes die bruidegom weer in die pad val na Burgersdorp, om ook daar gebooie 'op te gee', sodat die gebooie gelyktydig in beide gemeentes afgekondig kon word.

Toe Andries by ds. Postma (Figuur 6) op Burgersdorp aankom om die gebooie op te gee, wou die dominee weet of die handtekening op Andries se konsent die van sy vader was. Andries het sonder om te verduidelik bevestigend geantwoord, maar dit het die predikant nie tevrede gestel nie. 'Dit is nie ou broeder Tjaart van der Walt se handtekening nie, want ek ken sy handskrif te goed: hy was jarelank my diaken'.[26] Buitendien was ds. Postma aangetroude familie van Tjaart van der Walt. Sy vierde vrou, met wie hy in 1859 getroud is, Susanna Lasea Kruger, was 'n dogter van S. Kruger, wat 'n leidende aandeel in die gesangestryd in Colesberg en


Het is met Consent van ons beyde ondergeteekende dat onze Zoon Gerhardus Marthinus Maritz Zich in den Houwelijke Staat vereenigd met de Jonge Dochter Angenitha Maria Olivier

Graaffreynet den 21 April 1820

S. Maritz

Maria E. Oosthuizen

Het is met toestemmen van ons beyde ondergetekende dat onse dogter Angenitha Maria Olivier haar in den huwelijkse staat begeeft met de jonkman Gerret M. Maritz

Graaffreynet den 20 April 1820

Olivier

Debora A. Naudé

**Figuur 4** 'n Voorbeeld van konsentbriefies, naamlik dié van die ouers van die Trekkerleier Gerrit Maritz en van sy bruid, Angenitha Olivier, uit die jaar 1820.

*Foto : Kaapse Argiefbewaarplek, VD 573*



**Figuur 5** Ds. Johannes Beijer, van 1862 tot 1869 predikant van die Gereformeerde gemeente op Reddersburg.

*Foto : Argief van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Potchefstroom*


Coetzee behoort en was waarskynlik die plaas waar Douwlina van der Walt, Andries se verloofde, as weeskind by stiefouers grootgeword het.[10] Uit die name wat in die herinneringskrif van Andries van der Walt en in gedenkskrifte uit daardie jare voorkom, blyk dit dat sekere families sterk ondersteuners van die Gereformeerde Kerk was, soos die families Van der Walt, Venter, Kruger en Coetzee.[11] Jongmense uit hierdie families het hulle huweliksmaats by voorkeur uit die geledere van lidmate van die Gereformeerde Kerk gekies.

Die gemeente Burgersdorp het met verloop van tyd 'n leidende aandeel in die groei van die pasgestigte kerk gehad, veral nadat ds. Postma 'n beroep na die gemeente aanvaar het en op 5 Augustus 1866 aldaar deur ds. Beijer as leraar bevestig is.[12] 'n Kerkgebou, wat met groot ywer en geesdrif eiehandig deur die lidmate opgerig is, is reeds op 4 Mei 1861 in gebruik geneem[13] (Figuur 3). Hoewel die kerk in 1913 gesloop is om plek te maak vir 'n nuwe kerkgebou, weet ons, danksy 'n ou gedenkskrif, hoe hierdie eerste kerkie van binne gelyk het.[14] Blykbaar was die ruimte baie beperk vir die bykans 800 lidmate. Die mure was so laag dat dit in die somer 'schrikkelik benauwd' geword het en die banke so na aan mekaar, dat dit uiters moeilik was om uit 'n sitplek te kom as 'n mens eers eenmaal daarin was. Net die voorste ry lidmate op die galery kon die predikant sien en dit was so donker in die kerk, dat die predikant in bewolkte weer om 'n kers moes vra. Dit was in hierdie eerste ou kerkie dat Andries van der Walt en sy bruid, Douwlina, na baie teenspoed, op 17 Februarie 1867 deur ds. Postma in die huwelik bevestig is.


## Familiegeskiedenis

Mechiel Andries van der Walt was die seun van Tjaart Andries van der Walt (gebore 1806) en sy vrou Maria Elizabeth Pretorius.[15] Tjaart van der Walt was 'n agterkleinseun van die stamvader, Geele Andries van der Walt, wat in 1727 uit Friesland na die Kaap gekom het.[16] Toe Mechiel Andries op 26 Maart 1848 gebore is, het sy ouers in die distrik Burgersdorp gewoon, waar hy op 17 Julie 1848 gedoop is.[17]

Dit blyk uit die herinneringskrif dat Mechiel Andries (wat blykbaar op sy tweede naam, Andries, genoem is) se vader, Tjaart van der Walt, beplan het om na Transvaal te verhuis. Volgens die geslagsregister is sy vrou, Maria, op 15 Oktober 1860 in die distrik Rustenburg oorlede.[18] Tjaart het hom dan ook in 1863 op die




**Figuur 3** Die eerste Gereformeerde kerk te Burgersdorp wat op 4 Mei 1861 in gebruik geneem en in 1913 gesloop is. Die huwelik van Andries en Douwlina van der Walt het op 17 Februarie 1867 hier plaasgevind.
Uit : Jan Lion-Cachet, *De geschiedenis der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (Potchefstroom, 1909), p. 59.



**Figuur 1** Die ou Gereformeerde Kerk in Reddersburg in die vroeë twintigste eeu. Die bouwerk aan die kerk — tans die Postmasaal — het in 1861 begin en die hoeksteen is op 2 Januarie 1863 deur ds. D. Postma gelê. Die gebou is tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.
Uit : Jan Lion-Cachet, *De geschiedenis der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika* (Potchefstroom, 1909), p. 71.

verhaal as jong man gewoon het, na hom vernoem.

In die loop van 1860 is ook in die Kaapkolonie gemeentes in Burgersdorp, Middelburg en Colesberg gestig. Die stigting van die gemeente Burgersdorp het op 21/22 Januarie 1860 op die plaas Roosterhoek plaasgevind[9] (Figuur 2). Hierdie plaas het aan die familie



**Figuur 2** Foto uit die jaar 1910, van die plaas Roosterhoek, distrik Burgersdorp, waar die eerste gemeente van die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie op 21 Januarie 1860 gestig is. Die bouvalle regs op die foto is die oorblyfsels van die woonhuis en die groot waenhuis waarin die kerkdienste gehou is.
Uit : *Gouden Jubileum van het Vyftig-Jarig bestaan van de Geref. Kerk Burgersdorp* (Burgersdorp, 1910), teenoor p. 16.